Tema: **Jou beste wapen teen dit wat jy nie wil wees nie, is wie jy is!**
Datum: 22 Augustus 2010
Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:12-17
Prediker: Ds. Thomas Dreyer

1 Johannes 2:12-17

12	Ek skrywe vir julle, liewe kinders, omdat julle sondes vergewe is in die Naam van Jesus.
13	Ek skrywe vir julle, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek skrywe vir julle, jongmense, omdat julle die Bose oorwin het.
14	Ek het vir julle geskrywe, kinders, omdat julle die Vader ken. Ek het vir julle geskrywe, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek het vir julle geskrywe, jongmense, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het.
15	Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie.
16	Die wêreldse dinge - alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit - kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld.
17	En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.

Die ouens wat weet sê, dit was glad nie vir Abraham so moeilik om vir Isak te offer nie. Isak was ’n tiener!

As ouers sit ons dikwels met ons hande in ons hare en wonder: Hoe gaan ek hulle ooit groot kry? Wat gaan ek doen om van my kind of kinders mense te maak met meer self-dissipline en geduld en liefde vir die Here en vir sy kerk? Wat moet ek doen om van hulle kinders van die Here te maak?

Aan die ander kant wonder jy as jongmens, as kind dalk: Hoe gaan ek ooit uitkom by hierdie hoë verwagtinge wat my ma-hulle vir my stel? Ek wil so graag wees wat hulle wil hê ek moet wees, maar dis so moeilik. Ek wil ’n kind van die Here wees, maar ek kry dit net nie reg nie!

Die Here wil vanaand vir ons ’n antwoord kom gee vir hierdie worsteling, hierdie stoeige-veg aan ons binnekant. Vir ons as ouers en as kinders.

Hy kom sê: Jou beste wapen teen dit wat jy nie wil wees nie, is wie jy is! Klink dit vreemd? Kom ek sê dit weer. Ons beste wapen teen dit wat ons nie wil wees nie, is wie ons is!

Julle sien die probleem is juis dit. Ons dink as kinders dis ons werk om kinders van God te word. En ons dink baie keer dis ons werk as ouers om van ons kinders Gods kinders te maak. En dis nie waar nie!

Jy kan nie ’n kind van God word deur dit wat jy doen nie. Ouers, ons kan nie van ons kinders, kinders van God maak nie. Waarom nie? Want dan wil ons God se werk oorneem en iets doen waartoe ons nie in staat is nie. Daarby wil ons iets kom doen wat Hy reeds gedoen het! Hy het reeds daardie dag toe jy gedoop is jongmens, en toe jy as ouer jou kindjie gebring het, Hy’t toe alreeds belowe: Jy is myne! Ek wil vir jou ’n Pa wees, jy moet vir my ’n kind wees!

En dit. Hierdie wete. Hierdie groot genade dat ons reeds sy kinders is, alleen uit genade, is ons beste wapen teen dit wat ons nie wil wees nie. Luister weer mooi. My en jou beste wapen teen dit wat ons nie wil wees nie, is wie ons is, wie ons is in Jesus Christus!

Kom ons luister hoe die Here vir Johannes gebruik om hierdie waarheid vir ons te verduidelik.

Wie ons nie moet wees nie!
Waarom ons dit nie moet wees nie!
Wie ons is!

Wie ons nie moet / wil wees nie!

Hier is die kern-opdrag van die gedeelte, vers 15: Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie!

Wat bedoel Johannes as hy dit sê? Hy wil beslis nie hê ons moet onsself eenkant in ’n toring gaan toesluit en maak asof ons nie in hierdie wêreld lewe nie. Nee. Die woord liefhê beteken in hierdie geval, “om na te jaag”, om te “begeer”, om “te kies”. Johannes sê dus: moenie mense wees wat die wêreld en die dinge van die wêreld najaag, en begeer en kies nie, asof dit is wat jou lewe die moeite werd maak nie! Moenie die sin vir jou bestaan, jou lewensvreugde soek in die dinge van die wêreld nie. Die wêreld en die dinge van die wêreld mag nooit jou eerste liefde wees nie!

Wat is die dinge van die wêreld? Ons teks verduidelik dit vir ons daar in vers 16:

Die wêreldse dinge is – alles wat die sondige mense begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit.

Dit gaan hier oor twee sake: Aan die eenkant ’n begeerte na, ’n najaag van dinge wat ek nog nie het nie, en wat ek hier en nou in hierdie wêreld soek. Dit kan enigiets wees. Fisiese dinge. “Stuff.” Huise, karre, geld. Of meer emosionele begeertes. Roem, gewildheid, sukses, erkenning, om “in te wees” by die skool. Dis basies alles wat ek begeer en wat ek reken ek hier en nou kan en moet hê om sin, betekenis aan my lewe te gee. Dit is volgens Johannes wêreldse dinge.

Maar, die wêreldse dinge is nie net die dinge wat ek graag wil hê omdat ek dink dit gaan my gelukkig maak nie. Dis ook jou gesteldheid op besit. D.w.s my selftrots op die dinge wat ek reeds het of wat ek bereik het. Johannes waarsku dus teen ’n liefde vir my status, of my besittings of my lewenstyl.

Kom ons maak dit baie prakties. Ek wil graag gewild wees by die skool omdat ek glo dit gaan my gelukkig maak. As almal dink ek is “cool” dan sal ek gelukkig wees. Daarom is ek bereid om enigiets te doen om dit reg te kry. Ek “backchat” die onderwysers, rook skelm, drink by partytjies .... alles net omdat ek begeer om gewild te wees. Dan het ek volgens Johannes die wêreld lief. Begeer ek die wêreldse dinge.

Of ek is gewild by my maats. Hierdie gewildheid is vir my so belangrik dat ek nie bereid is om dit vir enigiets prys te gee nie. Ek is lief vir my gewildheid. En daarom is ek nie bereid om op te staan en my vriende aan te spreek wat verkeerde dinge doen nie. Ek bly maar stil as hulle ’n onderwyser of onderwyseres of iemand anders by die skool sleg behandel. As ek so maak, dan het ek ook die wêreld, my gewildheid, lief!

Ouers, ons pas dit nou spesifiek op ons kinders se situasie toe, maar ons sien dit in ons eie lewe ook, nie waar nie? Daarom wil ek vir ons hierdie moeilike vraag vra: Wat sien jou kinders in jou lewe? Sien hulle iemand wat die wêreld liefhet? Wat die dinge van die wêreld begeer? Wat so vreeslik gesteld is op besittings? As ek nou jou kinders eenkant toe moet vat en vir hulle moet vra: Wie en wat is vir jou ma en pa die heel belangrikste in hulle lewe? Waarvoor dink jy leef jou ma en pa? Wat sou hulle sê?

Kinders, wat sien jou ouers en jou vriende in jou lewe? Sien hulle iemand wat die wêreld liefhet? Wil jy net heeltyd jou begeertes vervul hê? As jy jou vingers klap dan moet hulle spring?

Moenie! Dis wat Johannes hier sê. Moenie mense wees wat die wêreld of die dinge wat in die wêreld is, liefhet nie.

Waarom ek dit nie wil wees nie

Johannes gee egter nie net ’n koue opdrag nie. Hy wil ons aanspoor. Ons motiveer om nie mense te wees wat die wêreld liefhet nie. Hy gee drie redes, motiverings:

Die eerste motivering is daar in vers 15. Daar staan: As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie.

Dis eenvoudig. Ons harte is nie soos ’n taxi nie. Daar’s net plek vir 1 liefde. Daar is nie plek vir twee liefdes nie. Jy kan nie God en Mammon dien nie. Of God is jou eerste en enigste liefde, of die wêreld is. Liefde vir die wêreld verdring liefde vir God. En ware liefde vir God dryf liefde vir die wêreld uit, maar hulle pas nooit ooit in een hart nie. Dis die eerste motivering.

Die tweede motivering lees ons in vers 17: En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby!

Sal enige mens met ’n gesonde verstand belê in ’n maatskappy, aandele koop in ’n besigheid wat verseker gaan bankrot gaan? Gestel jou pel het vir hom ’n paar “brand name” skoene gekoop en na twee weke is dit stukkend en jy vind uit. Die skoene lyk nou wel “nice”, maar hulle hou nie, jy weet, hulle gaan verseker stukkend wees na twee weke. Gaan jy jou swaarverdiende sakgeld daarop uitgee?

Nee. Dis “stupid”. Dis wat Johannes sê: Moenie “stupid” wees nie! Die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby.

Luister hoe sluit Petrus daarby aan in 2 Pet. 2:10 en 11: “Maar die dag van die Here sal so onverwags soos ’n dief kom. En op dié dag sal die hemel met ’n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan. [11]Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe.”

Gee jou hele hart vir God. Moenie in hierdie wêreld en sy dinge belê nie. Dit gaan verby gaan!

En dit bring ons by die derde motivering. Luister na vers 17 se tweede deel: maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.

Teenoor die wêreld en al die dinge wat verbygaan, staan die belofte van die ewige lewe vir elkeen wat die wil van God doen. D.w.s wat Hom liefhet met hulle hele hart.

Hoe moeilik kan die keuse wees? As ek in die wêreld belê gaan ek alles verloor. Ook my lewe. As ek by God belê, gaan ek vir ewig lewe by Hom. Saam met Hom.

Johannes wil hê ek en jy moet sê: Ek wil nie iemand wees wat die wêreld liefhet nie, want in my hart is daar net plek vir God, en ek wil nie my beleggings in 'n plek maak wat aan die verbygaan is nie, ek is nie "stupid" nie, ek wil my beleggings in die hemel maak. Ek wil doen wat God van my vra. Ek wil gehoorsaam wees aan my ouers. Ek wil vir Hom opstaan by die skool en getuig. Ek wil eerlik wees. Ek wil nie skynheilig wees nie. Ek wil liefdevol wees. Ek wil bid en Bybel lees. Ek wil opstaan vir dit wat reg is. Ek wil kind van God wees!

Wie jy is

Hoe moeilik kan dit wees?

Vrek moeilik nie waar nie? Ons weet dit. Ek wil maar ek doen nie! Ek smag na 'n verhouding met God maar ek voel net ek kan nie voor hom kom staan nie want my lewe is so vol sonde. Ek is skynheilig. Ek wil nie so wees nie maar ek is. Ek kom loof en prys hom hier in die kerk. Ek gaan katkisasie toe. Maar my ma en pa weet nie die helfte van dit wat aangaan by die skool nie. Ek voel vasgevang. Hoe kan ek myself 'n kind van die Here noem as ek so lewe? Ek verdien dit nie om 'n kind van die Here genoem te word nie!

En jy is so reg. Jy verdien dit nie. Maar weet jy wat, niemand doen nie. Nie ek wat die Ds. is nie. Nie jou ma en pa nie. Niemand nie.

Wat maak van my en jou kinders van God? Luister weer na die verse voor die opdrag in vers 15:

[12]Ek skrywe vir julle, liewe kinders,
omdat julle sondes vergewe is
in die Naam van Jesus.
[13]Ek skrywe vir julle, vaders,
omdat julle Jesus ken
wat van die begin af daar was.
Ek skrywe vir julle, jongmense,
omdat julle die Bose oorwin het.
[14]Ek het vir julle geskrywe, kinders,
omdat julle die Vader ken.
Ek het vir julle geskrywe, vaders,

omdat julle Jesus ken
wat van die begin af daar was.
Ek het vir julle geskrywe,
jongmense,
omdat julle sterk is
en die woord van God in julle bly
en julle die Bose oorwin het.

Johannes kom praat met ons almal. Kinders, Pa's, jongmense. Van oud tot jonk! Almal: Luister mooi. Ek skrywe vir julle omdat julle mense is wie se sondes vergewe is in die Naam van Jesus Christus. Julle is mense wat die verlosser Jesus Christus en deur Hom vir God die Vader in die Hemel ken. Hy het in julle plek aan die kruis kom sterf. In my plek! D.w.s die straf wat ek moes kry vir my liefde vir die wêreld, my soeke na gewildheid en die dinge wat ek doen om dit te kry, het hy gedra. En daarom kan ek deur Hom weer in 'n verhouding met my hemelse Vader leef. Wat meer is, ek is sterk. God het in sy groot genade sy Woord vir my kom gee wat ek elke dag kan lees. En deur die krag van die Heilige Gees leef sy Woord in my hart. Ek het die Bose, die duiwel en sy magte, en my sondige hart, en die wêreld, reeds oorwin, omdat Jesus Christus in wie ek glo, reeds opgestaan het uit die dood en oorwin het.

Dis wie ons is! Luister mooi. Jy is nie iemand wat probeer om 'n kind van God te word nie. Jy moenie probeer om anders te lewe sodat jy 'n kind van God kan word nie. Jy is dit deur sy genade in Jesus Christus. As jy in Hom glo dan is jy 'n kind van God. Dan leef die Heilige Gees in jou. Dan is jy sterk. En wat meer is, jy het klaar die bose oorwin omdat Hy oorwin het.

Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. So skryf Johannes in 1 Joh. 3:1

Selfs al lyk ons lewens nie so nie! Dan moet ons in die geloof hieraan vashou. Moet ek vir myself sê: Ek is 'n kind van God deur Jesus Christus se genade. En dit verander die geveg hier binne-in ons totaal en al.

As ek in geloof vashou aan hierdie genade van God in Jesus Christus, dan groei daar iets hier binne-in my. Dis 'n wete, 'n bewustheid van wie ek is. En ek raak meer en meer ongemaklik as ek dinge doen wat nie pas by my nuwe identiteit nie. Ek veg as kind van God teen my sonde. Ek veg met die wete dat ek eendag by God gaan wees omdat Jesus reeds daar is. Die dinge wat ek doen wat nie pas by wie ek is nie, pla my meer en meer. Ek hoor daardie stem van die Heilige Gees sterker en sterker in my hart en kop as ek ver-

keerd lewe: Thomas, dis nie wie jy is nie. Jy behoort aan God. Hy is jou eerste liefde. Moenie die wêreld liefhê nie.

Julle sien ons "fight" is nie om die span te haal nie. Selfs nie eers om in die span te bly nie! Ons is gekies en ons gaan nooit ooit weer gedrop word nie. Ons veg om die een wat ons in die span ingekry het te dank, en te eer. Om vir Hom te wys hoe lief ons Hom het. Ek wil wees soos Hy is, en soos Hy my gemaak het. Daarom "fight" ek teen my sonde!

Kinders, die Duiwel wil so graag hê julle moet dink dat julle moet veg teen die sonde om kinders van God te word, om plek in die span te kry. Hy wil hê julle moet so dink omdat dit 'n mens gou moedeloos maak. Niemand kan God se kinders word deur dit wat hulle doen nie en hy weet dit.

As ons egter glo in Jesus, vertrou op God se genade dan veg ek nie 'n verlore geveg nie. Ek het klaar gewen omdat Jesus gewen het. Ek is in die span, sy span. Ek moet dit nou net sigbaar maak in my lewe. Ek is nie iemand wat rook en vloek en drink nie. Dit pas nie by my nie. Ek is nie iemand wat met grootmense, met onderwysers lelik is nie. Ek is nie iemand wat vir my ouers jok nie. Ek is nie iemand wat die wêreld liefhet nie. Ek het God lief. Daarom stry ek teen die begeertes om hierdie dinge te doen. En ek kan dit doen omdat ek sy Woord en die Heilige Gees het wat in my woon en werk. Ek is sy kind.

Wie ek is, word my wapen teen dit wat ek nie wil wees nie!

Slot

Julle gaan sy sondige natuur vinnig ontdek as julle nie alreeds het nie. Ouers, ons kinders vir wie ons so lief is, is vol van die sonde, hulle is gebore met opstandige selfsugtige harte . . . net soos ons!! Hulle sê mos, as hulle so klein is dan wil jy hulle opvreet en as hulle eers tieners word, dan wens jy, jy het.

Maar dit mag nooit al wees wat julle raak sien nie. Ons kinders is sondaars aan wie die Here heerlike beloftes maak. Hulle is sondaars wat God in sy groot genade kom aanneem as sy kinders ter wille van die bloed van Jesus. (*Ons het dit vanoggend weer hier voor ons oë gesien gebeur met die doop).* Maak hulle groot met die heerlike wete. Nie met die las van: Ek moet deur hoe ek leef 'n kind van God word nie. Maar met die heerlike wete dat hulle kinders van God is deur sy genade. Kommunikeer dit gereeld, selfs as sy of haar optrede iets anders wys. Maak hulle groot met die heerlike verhaal van die Evangelie, van dit wat Jesus vir hulle kom doen het.

En nog belangriker, leef soos mense vol genade. Mense wat hulle sonde ken, maar wat daarteen stry omdat God ook in sy genade na julle toe gekom het en gesê het: Jy is myne. En moet daarom nie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie, want dit is nie wie julle is nie.

En kinders. Kyk so na julleself. Kyk met geloofs-oë. Moenie blind wees vir die kere wat jy die wêreld en sy dinge liewer het as vir God nie. As jy jouself vang dat jy dinge doen wat nie pas by wie jy is nie, gaan op jou knieë en sê: Here, dis nie wie ek is nie. Ek is jammer. Ek weet ek is U kind. My sonde is vergewe omdat Jesus in my plek gesterf het. En ek ken Hom. Omdat Hy die bose reeds oorwin het en reeds opgevaar het na die hemel waar Hy vir my wag, weet ek dat ek gaan oorwin. Ek het inderdaad reeds oorwin. En daarom is ek sterk. Sterk deur die krag van sy Gees. Sterk deur die Woord van God wat hier in my bly omdat die Gees in my bly. Ek wil nie so leef nie want dit is nie wie ek is nie!

Geliefdes, kom ons gaan doen almal dieselfde. Kom ons gaan veg in die week teen dit wat ons nie wil wees nie, deur te onthou, wie ons is!